

**BRILLE**  
 Die best is 'n sterk ontwikkelende van voor en agter, wat 'n sterk verskeie van die veranderinge in die 20ste en 30ste eeue.  
 24, 25, 26, 27, 28, 29, 30, 31, 32, 33, 34, 35, 36, 37, 38, 39, 40, 41, 42, 43, 44, 45, 46, 47, 48, 49, 50, 51, 52, 53, 54, 55, 56, 57, 58, 59, 60, 61, 62, 63, 64, 65, 66, 67, 68, 69, 70, 71, 72, 73, 74, 75, 76, 77, 78, 79, 80, 81, 82, 83, 84, 85, 86, 87, 88, 89, 90, 91, 92, 93, 94, 95, 96, 97, 98, 99, 100.  
 100% Kwaliteit  
 100% Kwaliteit

NAVEEK

# DIE BURGER

KALFAZAD, SATURDAG, 12 JULIE 1969. VEER-EN-TYFTIESTE JAARGANG. PRYS VTF SENT

LAAT OINGAWE

**Duncan TAYLOR**  
 Job 288 4th St  
 HEDICFIELD 112  
 CLAREMONT  
 Ook in Wynberg en Kaapstad

## SOEKTOG OP GOUGH EINDIG: 2 LYKE GEVIND

Geskenk



**Vermistes Dood op Pad Terug na Basis**

**Die lyke van mnr. Jan Seyffert en mnr. Fanie Grobler, die twee Suid-Afrikaanse weerkundiges, wat sedert 20 Junie op Gough vermis is, is gister op Suidpiek op die eiland geïnd. Dit was die eerste dag dat 'n soekgeselskap van Tristan da Cunha aan die soektog kon deelneem. Suidpiek is naby die ou basis op die eiland. Volgens alle aanduidinge was die vermistes reeds geruime tyd dood. Pogings is gister vergeefs aangewend om die geneesheer van die Suid-Afrikaanse helikopterdraer Simon van der Stel aan land te bring. Hy sou kan vasstel of hulle aan blootstelling of aan ander oorsake beswyk het. 'n Senior woordvoerder van die Vloot in Simonstad, kap. Ted Jupp, het gister gesê dat die lyke nie op die Simon van der Stel teruggebring sal word nie. Die skip het geen geriewe vir so 'n geval nie.**



## 50 jaar gelede | 12 Julie 1969

► **Vermistes gevind:** Die lyke van mnr. Jan Seyffert en mnr. Fanie Grobler, die twee Suid-Afrikaanse weerkundiges wat sedert 20 Junie op Gough vermis is, is op Suidpiek op die eiland gevind. Dit was die eerste dag dat 'n soekgeselskap van Tristan da Cunha aan die soektog kon deelneem. Suidpiek is naby die ou basis op die eiland. Volgens alle aanduidinge was die vermistes reeds geruime tyd dood. Pogings is gister vergeefs aangewend om die geneesheer van die Suid-Afrikaanse helikopterdraer Simon van der Stel aan land te bring. Hy sou kan vasstel of hulle aan blootstelling of aan ander oorsake beswyk het. 'n Senior woordvoerder van die Vloot in Simonstad, kap. Ted Jupp, het gister gesê dat die lyke nie op die Simon van der Stel teruggebring sal word nie. Die skip het geen geriewe vir so 'n geval nie.

► **Ter wille van die filmkuns:** Wye belangstelling heers in Pretoria vir die filmwedstryd van die Nasionale Filmraad. Daar word gehoop dat die toekennings vroeg in November gemaak sal kan word en reëlings word getref vir die vertoon van

kaanse sentra. Die doel van die wedstryd is om die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf te bevorder. Die beoordeling sal in drie kategorieë geskied: hoofprente, dokumentêre prente (wat in drie onderafdelings verdeel word) en reklamefilms (ook in drie onderafdelings). 'n Eerste prys sal in elke kategorie toegeken word – die Filmraad beraadslaag nog oor die presiese vorm wat dit sal aanneem – en verdienstelike sertifikate sal aan die wenners in die onderskeie onderafdelings toegeken word. Die samewerking van verskeie nasionale liggeme is vir die onderneming verkry: die Vereniging van Rolprentvervaardigers, die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en die Departement van Kultuursake, Inligting en Nywerheid.

► **Restourasie goedgekeur:** Onder die voorlopige kapitaaluitgawes van altesame R8,066,385 wat die Kaapse stadsraad se gesondheid- en huisvestingskomitee vir 1970 goedgekeur het, is 'n bedrag van R160,000 vir die restourasie van die Slamse buurt teen Vlaeberg en R6,500 vir